Die evangelie volgens

# MARKUS




WIE IS DIE
belangrikste?
MARKUS 9:30-40


Hand, voet en oog
VIR GOD
MARKUS 9:41-50

41"Elkeen wat vir julle 'n beker water te drinke sal
gee omdat julle aan Christus behoort, hy sal
beslis die beloning daarvoor kry. Dit verseker Ek
julle."
42"Elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in
My glo, van My afvallig laat word, vir hom is dit
baie beter as 'n groot meulsteen aan sy nek
vasgemaak en hy in die see gegooi word.

MARKUS 9:41-50



43"As jou hand jou van My afvallig laat word,
kap hom af! Dit is beter dat jy vermink in die
lewe ingaan as dat jy altwee jou hande het en
na die hel toe gaan, in die onblusbare vuur. 45En
as jou voet jou van My afvallig laat word, kap
hom af! Dit is beter dat jy kreupel die lewe
ingaan as dat jy altwee jou voete het en in die
hel gegooi word.

MARKUS 9:41-50

47 En as jou oog jou van My afvallig laat word, pluk hom uit! Dit is beter dat jy met een oog die koninkryk van God ingaan as dat jy altwee oë het en in die hel gegooi word.
48 Daar gaan die wurm nie dood nie en word die vuur nie geblus nie."

MARKUS 9:41-50

49 "Almal sal met die vuur van beproewing
gelouter word.
50 "Sout is goed, maar as sout sy krag verloor het,
waarmee sal 'n mens dit weer sout maak?
"Julle moet werklik sout wees en in vrede met
mekaar lewe."

MARKUS 9:41-50


Hand, voet en oog
VIR GOD
MARKUS 9:41-50